# DIE ONTWIKKELING VAN RIGLYNE VIR DIE BEMAGTIGING VAN OUERS VIR 'N BETER VERHOUDING MET HULLE ADOLESSENTE KINDERS.

Petro Fourie
2007

# DIE ONTWIKKELING VAN RIGLYNE VIR DIE BEMAGTIGING VAN OUERS VIR 'N BETER VERHOUDING MET HULLE ADOLESSENTE KINDERS.

*Petro Fourie*

Manuskrip voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes

van die graad

**MAGISTER ARTIUM (MAATSKAPLIKE WERK)**

in die

FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE

aan die

**NOORDWES UNIVERSITEIT**

(POTCHEFSTROOM KAMPUS)

Studieleier: Dr C Strydom

Potchefstroom

2007

# DANKBETUIGINGS

Alle dank, lof en eer aan my Hemelse Vader wat my die vermoë gegee het om hierdie navorsing te kon onderneem en voltooi.

My opregte dank aan almal wat op een of ander wyse bygedra het tot die voltooiing van hierdie studie:

- Dr C Strydom, my studieleier vir haar hulp, ondersteuning, aanmoediging en leiding.
- My gesin vir hulle geduld, ondersteuning en belangstelling.
- My vriendin, kollega en medestudent, Kate Naude. Dankie vir die ondersteuning, motivering en aanmoediging.
- Die NG Diens van Barmhartigheid, Hoëveld Sinode vir die finansiële ondersteuning en aanmoediging.
- My dank aan elke respondent wat bereid was om deel te wees van hierdie navorsing.

# INHOUDSGAWE

Opsomming ........ iii
Summary ........ iv

1. INLEIDING ........ 1
2. PROBLEEMSTELLING ........ 2
3. DOELSTELLING ........ 5
   3.1 Doelwitte ........ 5
4. SENTRALE TEORETIESE STELLING ........ 5
5. METODE VAN ONDERSOEK ........ 5
   5.1 Literatuurstudie ........ 5
   5.2 Empiriese ondersoek ........ 6
      5.2.1 Navorsingsontwerp ........ 6
      5.2.2 Deelnemers ........ 7
      5.2.3 Meetinstrumente ........ 7
      5.2.4 Prosedure ........ 8
      5.2.5 Etiese aspekte ........ 9
      5.2.6 Dataverwerking ........ 10
6. RESULTATE ........ 11
   Tema 1: Ouer-adolessente verhouding ........ 11
   Tema 2 : Ouer-adolessente konflik ........ 16
   Tema 3 : Ouer-adolessente kommunikasie ........ 19
7. GEVOLGTREKKING ........ 22
8. RIGLYNE ........ 23
   8.1 Verdere vaardighede wat aangewend kan word om ouers met adolessente kinders te bemagtig ........ 27
9. SLOTOPMERKING ........ 28
10. BRONNELYS ........ 28

## 11. BYLAES

Bylaag 1 .......... 32

Voorbeeld van vraelys vir ouers.

Bylaag 2 .......... 33

Voorbeeld van vraelys vir adolessente

Bylaag 3 .......... 34

Voorbeeld van toestemmingsbrief tot navorsing

Bylaag 4 .......... 35

Assesseringsvraelys om gesin se sterktes vas te stel

Bylaag 5 .......... 37

Lewensiklus van die gesin

## 12. TABEL

Tabel 1: Temas en subtemas wat deur respondente geïdentifiseer is .......... 11

# OPSOMMING

**Titel :** Die ontwikkeling van riglyne vir die bemagtiging van ouers vir 'n beter verhouding met hulle adolessente kinders.

**Sleutelterme:** adolessent, bemagtig, ouer-adolessent-kind- verhouding, riglyn.

Hierdie artikel fokus op die ontwikkeling van riglyne om ouers met adolessente kinders te bemagtig om 'n beter verhouding met hulle adolessente kind te handhaaf. 'n Kwalitatiewe navorsingsmetode in die konteks van intervensie-navorsing is aangewend om die riglyne te ontwikkel.

Daar is drie hooftemas met sub-temas geïdentifiseer. Hierdie temas is deur middel van fokusgroepe met ouers en hulle adolessente kinders ondersoek. Die hooftemas sluit in die ouer-adolessente-kind-verhouding, konflik en kommunikasie. Die sub-temas sluit in eienskappe van 'n goeie verhouding, tyd vir mekaar, krisistye, betoon van liefde, oorsake van konflik, konflik oplossing, effektiewe hantering van konflik en hoe dit verbeter kan word, belangrike aspekte vir goeie kommunikasie, hantering van sensitiewe sake en die hantering van onaanvaarbare vriendskappe.

Bemagtiging behels die proses van toename in persoonlike, interpersoonlike of politiese mag sodat die individu, gesin en gemeenskap aksie kan neem om hulle omstandighede te verbeter. Die Sterktebenadering onderskryf die wete dat die individu innerlike sterktes het wat aangewend kan word om die persoon, gesin, individu of gemeenskap te bemagtig tot self-aktualisering.

Die voorgeskrewe riglyne kan ouers nie net in staat stel om 'n oplossing te vind om hulle verhouding met hulle adolessente kind te verbeter nie, maar ook die ouers bemagtig om volgende situasies in eie krag te hanteer en op te los.

# SUMMARY

**Title:** The development of guidelines for the empowerment of parents for a better relationship with their adolescent children.

**Key words:** adolescent, empowerment, parent-adolescent relationship, guideline.

This article focuses on the development of guidelines to empower parents with adolescent children to have a better relationship with their adolescent children. A qualitative research method within the context of intervention research was followed to develop the guidelines.

Three major themes and some sub-themes were identified from two focus groups with the parents and two focus groups with the adolescents. The main themes are parent-adolescent relationships, conflict and communication. Sub-themes include characteristics of a good relationship, time spend together, times of crisis, reasons for conflict, resolving conflict, effectiveness of conflict, aspects of good communication, coping with sensitive issues and dealing with unacceptable friendships.

Empowerment involves the process of increasing personal, interpersonal, or political power so that individuals, families and communities can take action to improve their situations. The Strengths perspective subscribes to the notion that people have a reserve of abilities that can be expressed. When this reserve of inner power is enhanced, individuals, families or communities develop their potential, mastery and self-actualization. To empower the parents with adolescent children it is necessary for a practitioner helping the family to understand how to focus on the present and to incorporate a vision of the future in the guideline developed for parents with adolescent children. The integration of empowerment mandates parents with adolescent children, to move towards emphasizing strengths and to create solutions that incorporate elements of social action to improve their situations.

Conclusions made emphasised the importance for parents to know more about the development phases of adolescents, the importance of setting down boundaries, spending quality time with the adolescents, listening to the needs and emotions of the adolescents and rewarding good behaviour.

The guideline will help the parent to discover their own strengths and how to utilize resources to the benefit of the family. Phase by phase the parents are guided through a process of realising and utilizing their own strengths.

# VOORWOORD

Die artikelformaat is gekies om aan die vereiste vir die graad M.A. (Maatskaplike Werk) te voldoen, asook die vereiste van die vaktydskrif vir maatskaplike werk, getitel *Navorser-Praktisyn/Practitioner-Researcher*. Hierdie artikel maak slegs 10% uit van die totale kursuspunt. Hierdie manuskrip word in artikelformaat voorgelê in ooreenstemming met Regulasie A.11.2.5. vir die graad MA (MAATSKAPLIKE WERK).

# VOORSKRIFTE AAN OUTEURS

Die Maatskaplike Navorser-Praktisyn is 'n interdissiplinêre tydskrif wat handel oor die metodes en praktyk van hulpverlening aan individue, gesinne, klein groepe, organisasies en gemeenskappe. Die praktyk van die professionele hulpverlening dui breedweg op die toepassing van doelgerigte ontwerpte ingreepprogramme en/of prosesse op probleme van individuele en samelewingsbelang, insluitende die implementering en evaluering van maatskaplike beleid.

Die tydskrif dien as middel vir die publikasie van oorspronklike verslae oor kwantitatief georiënteerde evalueringstudies; verslae oor die ontwikkeling en geldigheid van nuwe takseermetodes vir die praktyk; empiries gebaseerde kritiek op literatuur van waarde vir die praktyk; teoretiese en konseptuele artikels met praktykimpak; kwalitatiewe ondersoek waar die praktyk inlig en nuwe ontwikkeling op die gebied van georganiseerde navorsing. Alle empiriese artikels moet voldoen aan aanvaarde standaarde van wetenskaplikheid en aan toepaslike vereistes van geldigheid of geloofwaardigheid, betroubaarheid of toerekenbaarheid en objektiwiteit of bevestigbaarheid.

Die keuring van artikels vind op 'n blinde-portuurgroepbasis plaas. Outeurs kan verwag om binne drie maande na ontvangs in kennis gestel te word van die besluit van die redaksie. Manuskripte en 'n opsomming moet in drievoud gestuur word aan: Die Redakteur, Maatskaplikewerk-Navorser-Praktisyn, Posbus 524, Aucklandpark, 2006. Artikels moet dubbelgespasieerd getik wees, met tabelle en figure op aparte bladsye. Die manuskrip behoort riglyne van die "Publication Manual of the American Psychological Association," 4de uitgawe te volg. Die finale hersiene manuskrip moet op 'n IBM-versoenbare diskette voorsien word in MS Word formaat of per elektroniese pos gestuur word aan . Alle tabelle en figure moet op bromide voorsien word. Outeurs moet manuskripte nie gelyktydig by ander tydskrifte inhandig nie en ook nie gepubliseerde manuskripte in dieselfde of soortgelyke formaat inhandig nie. Bladgelde is betaalbaar deur outeurs voor publikasie.

# DIE ONTWIKKELING VAN RIGLYNE VIR DIE BEMAGTIGING VAN OUERS VIR 'N BETER VERHOUDING MET HULLE ADOLESSENTE KINDERS.

PA Fourie (NG Diens van Barmhartigheid, Hoëveld Sinode)

Dr. C Strydom (Skool vir Psigo-Sosiale Gedragswetenskappe: Afdeling Maatskaplike Werk, Noord-Wes Universiteit)

## 1. INLEIDING

Dit is moeilik om die adolessent deur die adolessente jare te begelei, en baie ouers sukkel daarmee. Tendense van tienerselfmoord, dwelm- en alkoholmisbruik, jeugmisdaad, tienerswangerskappe, depressie en gevoelens van wanhoop het die afgelope jare oorweldigend toegeneem in die adolessent se leefwêreld.

Wat het verkeerd geloop? Die hoofprobleem lê gewoonlik by die ouers wat nie weet hoe om in voeling te bly met hulle adolessente nie. Die meeste ouers het 'n onduidelike siening van wat 'n adolessent is of wat om van die adolessent te verwag. Die ouers is lief vir hulle adolessente kinders, maar is nie seker hoe om hulle liefde op die regte manier aan die adolessent oor te dra dat hy geliefd en aanvaar sal laat voel nie (Campbell, 2005: 3).

Wanneer die ouer die riglyn toepas word die ouer se sterktes en hulpbronne aangewend om hulle te ondersteun om hulle doelwitte te bereik en verwagtinge ten opsigte van hulle verhouding met hulle adolessente kind te verwesenlik.

## 2. PROBLEEMSTELLING

Sleutelterme : adolessent, bemagtig, ouer-adolessent kind verhouding, riglyn.

Reeds gedurende 1997 tydens die Konferensie van die Verenigde Nasies se Internasionale Jaar van die Gesin is melding gemaak dat die tipiese kerngesin soos dit tradisioneel bekend was, besig is om te verdwyn (Dreman,1997: 3). Groot

demografiese veranderinge kan hiervoor verantwoordelik gehou word soos die toename in egskeidings, meer vroue wat die arbeidsmark betree, langer lewensverwagting van die mens en veranderinge in die lewenstyle van die individu en gesinne (Dreman, 1997: 3).

Die samestelling en funksie van die gesin soos dit dertig jaar gelede bekend was het verander na gesinne wat uit meer as net die twee gesinsgroepe bestaan. Voorheen het gesinne net uit twee groepe bestaan naamlik die gesin van oorsprong en die aangetroude gesin. In die nuwe millennium het die gesinsgroepe uitgebrei om voorsiening te maak vir uitgebreide gesinne (Dreman, 1997: 3). Saleebey (2001, 264) skryf in hierdie verband die volgende: "... the nuclear modern family has clearly lost the statistical and moral dominance it once had. But if it is in the decline, there has arisen no other singular structure to supplant it."

Heelwat ouers erken openlik dat hulle nie met hulle adolessent oor die weg kan kom nie of dat die adolessent onhanteerbaar is en nie vir hulle luister nie. Ouers maak die stelling dat die hedendaagse adolessent anders is as waaraan hulle gewoond is of hoe hulle self as adolessent opgetree het. Ouers kom vra hulp by maatskaplike werkers, ander beraders en terapeute omdat hulle van mening is dat hulle die punt bereik het waar hulle die adolessent nie langer kan hanteer nie (Dreman, 1997: 3).

Volgens Winter (2004:20) beskou die adolessent 'n sinvolle verhouding met 'n volwassene as belangrik. Die adolessent het 'n behoefte om met 'n volwassene te kommunikeer oor veral onderwerpe soos HIV en VIGS. Alhoewel die verhouding met vriende belangrik is vir die adolessent is die verhouding met 'n volwassene wat werklik omgee 'n belangrike grondlegging vir verhoudings wanneer die adolessent grootword. Die verhouding tussen die adolessent en 'n volwassene is baie uniek. Die volwassene en die adolessent speel elkeen 'n gelyke, maar ook 'n interafhanklik rol in die verhouding. Die adolessent is afhanklik van die volwassene om die verhouding te fasiliteer en toe te sien dat die adolessent se sosiale en emosionele behoeftes in die verhouding nagekom word (Winter, 2004:22).

Daar is sekere hindernisse uitgewys wat in die weg staan van positiewe kommunikasie tussen die ouer en die adolessent. Hierdie hindernisse is afbreek en

verkleinering, opdragte gee en preek, oorneem van gesprekke, geen oogkontak, oorneem van die adolessent se probleem, gemengde en inkonsekwente boodskappe (De Klerk & Le Roux, 2003:54).

Adolessensie word gesien as 'n tydperk van transformasie en herorganisering van gesinsverhoudinge (Allison & Schultz, 2004:101). Die tydperk word gekenmerk deur die verskuiwing van verandering in eensydige outoriteit tussen die ouer en kind na gelyke outoriteit waar die adolessent deel het aan die proses van probleemoplossing. Die adolessent se toename in besluite rondom homself, sy eie regspraak en outoriteit verander die patroon van interaksie in die gesin. Dit veroorsaak 'n toename in konflik tussen die adolessent en sy of haar ouers. Konflik bly egter 'n integrale deel van die gesinsverhoudings.

Navorsing wat gedoen is deur Allison en Schultz (2004:101-115), fokus op die normatiewe eienskappe van die ouer-adolessent konflik insluitende die voorkoms en intensiteit van konflik, die ontwikkelings eienskappe van die adolessent, die tipe sake wat konflik veroorsaak en die verskil in die verskeidenheid van konflik tussen gesinne. Dit blyk dat die hoogste vlak van konflik voorkom in die vroeë adolessente jare en afneem in die laat adolessente jare.

Bemagtiging word vanuit die Sterkteperspektief omskryf as 'n klemverskuiwing in die benadering tot die begeleiding van gesinne deurdat die ouers van adolessent kinders se innerlike sterkte in so 'n mate ontwikkel moet word dat die ouers vanuit hulle eie innerlike sterkte en bevoegdhede in staat is om die verhouding tussen hulle en die adolessent kind te verbeter en te versterk (Miley, O'Melia & Du Bois, 2003:78).

Die oogmerk van hierdie navorsing is om ouers te bemagtig om die nodige ouerskapsvaardighede aan te leer om adolessente beter te hanteer. Miriam, Resendez, Ryan, Dumiso, en Matshazi (2000:449) noem dat bemagtiging van gesinne 'n proses is waardeur gesinne beheer oor hulle lewens verkry. Hierdie beheer word verkry deur kennis, vaardighede en hulpbronne wat bydra om die kwaliteit van die gesinslewe te verbeter. Deur ouers te bemagtig om in die nuwe millennium adolessente te hanteer sonder om moed op te gee en steeds betrokke te wees in die adolessent se lewe word

van groot waarde beskou vir die bevordering van goeie en gesonde gesinsverhoudings.

Die bemagtigingsproses bestaan uit drie fases. Dit is belangrik dat die maatskaplike werker die gesin begelei deur die fase van dialoog, ontdekking en ontwikkeling. Tydens die dialoog fase word voortdurend gesels oor die gesin se omstandighede, doelwitte en sterktes (Miley *et al.*, 2003: 104-105). Hierdie fases kan in 'n intervensieprogram realiseer want die ouers word tot 'n beter verhouding met sy adolessente-kind bemagtig.

Gedurende die ontdekkingsfase word daar vasgestel wat die gesin se sterktes is. 'n Plan van moontlike oplossings word opgestel. Die gebruik van omgewingshulpbronne word gebruik om die plan uit te voer en die beplande doel te bereik (Miley *et al.*, 2003: 105).

Tydens die derde fase naamlik die ontwikkelingsfase word die plan van aksie geïmplementeer. Om op te som word daar gekyk na die prosesse wat die probleme opgelos het, die suksesse word gevier en die positiewe veranderinge word gestabiliseer (Miley *et al.*, 2003: 107-108).

Om vanuit die Sterkteperspektief te werk aanvaar die maatskaplike werker dat die kliënte sekere bevoegdhede en innerlike kragte het om op staat te maak. Die maatskaplike werker besef dat elke kliënt oor 'n sekere kapasiteit beskik om groei en verandering teweeg te bring. Die maatskaplike werker handhaaf die siening dat probleme wat tussen sisteme bestaan eerder as 'n leemte in die sisteemfunksionering gesien moet word. Die maatskaplike werker aanvaar dat kliënte hulle situasie en probleme die beste ken en self die beste oplossings kan bied vir die probleme en uitdagings (Miley *et al.*, 2003: 80).

Die Witskrif vir Welsyn (1997) bevestig dat dit belangrik is om intervensieprogramme daar te stel om gesinsinstandhouding na te streef en substituutplasing vir kinders en adolessent tot die minimum te beperk (Kruger, 1997: 297). Deur die riglyn daar te stel om ouers te bemagtig om 'n beter verhouding met die adolessent te handhaaf kan hierdie strewe nagekom word.

Vanuit die voorafgaande ontstaan die volgende vrae:

- Hoe lyk die verhouding tussen die ouer en die adolessente kind?
- Watter faktore veroorsaak konflik tussen die ouer en die adolessente kind?
- Watter faktore beïnvloed die kommunikasie tussen die ouer en die adolessente kind?
- Hoe kan die ouers bemagtig word in die hantering van die adolessente kind?

## 3. DOELSTELLING

Om riglyne te formuleer aan die hand waarvan ouers bemagtig kan word om hulle verhouding met die adolessente kind te verbeter.

### 3.1 DOELWITTE

- Om die verhouding tussen die ouer en die adolessente kind te ondersoek
- Om vas te stel wat die faktore is wat konflik tussen die ouer en die adolessente kind veroorsaak.
- Om vas te stel wat die faktore is wat kommunikasie tussen die ouer en die adolessente kind beïnvloed.
- Om riglyne daar te stel om maatskaplike werkers te help om ouers te bemagtig in die hantering van die adolessente kind.

## 4. SENTRALE TEORETIESE STELLING

Die ontwikkeling van riglyne kan 'n bydrae lewer in die bemagtiging van ouers om hulle verhouding met die adolessente kind te verbeter.

## 5. METODE VAN ONDERSOEK

### 5.1 Literatuurstudie

Die metode van die ondersoek was 'n literatuurstudie om vas te stel of die onderwerp relevant en toepaslik is. Die temas wat ondersoek is sluit in konflik, ouer-adolessent kind verhoudings, kommunikasie en bemagtiging.

'n Databasis moes opgebou word om die beplanning en begrip van die navorsing daar te stel. Die databasis het bestaan uit tydskrifartikels, ander publikasies soos verhandelings en die internet (Delport, 1998: 177).

Die literatuurstudie moes 'n oorsig gee van reeds bestaande literatuur oor die verhouding tussen ouers en adolessente. 'n Behoorlike seleksie van bestaande en onlangse literatuur het plaasgevind. Die literatuurstudie moes die geloofwaardigheid van die studie bevestig, help met die ontwikkeling en ontwerp van die navorsingsprojek en moontlike foute en probleme uit die weg ruim (Neuman, 2000: 444 - 461).

Die volgende databasisse is in die Ferdinand Postma Biblioteek van die Noordwes Universiteit, Potchefstroom kampus geraadpleeg,

- ***Nasionaal;***
- Biblioteek Katalogus, Repertorium van SA tydskrifartikels en GKPV (Gesamentlike Katalogus van Proefskrifte en Verhandelings van Suid-Afrikaanse Universiteite)
- ***Internasionaal;***
- Social Science Index, Social Science Citation Index, Social Work Abstracts, Psyc LIT, ERIC, Magnet en NEXUS

## 5.2 Empiriese ondersoek

### 5.2.1 Navorsingsontwerp

Daar is van die intervensie-navorsingsmodel gebruik gemaak. Intervensie-navorsing het ten doel om moontlike oplossings vir praktiese probleme te verskaf om duidelikheid te kry vir die bepaalde probleem en in hierdie geval verhoudingsprobleme wat veroorsaak dat verhoudings disintegreer ( Strydom & van Heerden, 2004: 343-345). 'n Riglyn is saamgestel wat ouers met adolessente kinders sal bemagtig om hulle verhouding te verbeter.

Die intervensie-navorsingsmodel word gekenmerk deur ses fases naamlik probleem-analise en projekbeplanning, insameling van data en sintese, die ontwerp, voorlopige ontwikkeling, 'n vooronderoek, evaluering en gevorderde ontwikkeling disseminasie.

Vir die doel van die navorsings is slegs stap 1, probleem-analise(fokusgroepe), stap 2, projekbeplanning (ontwikkeling van riglyne) en stap 3, ontwerp(riglyne) gevolg.

### 5.2.2 Deelnemers

Die teikengroep was ouers met adolessent kinders. Die kinders moes skoolgaande adolessente wees tussen die ouderdom 14 tot 17 jaar. Die teikengroep het ingesluit volledige gesinne, dit wil sê daar was 'n moeder en vader in die gesin. Gesinne uit die Christelik Maatskaplike Raad van Brakpan en Germiston se gevallelading het deel uitgemaak van die teikengroep. Die steekproef was doelgerig en op 'n nie-waarskynlike basis geselekteer (Strydom & De Vos, 1998: 198-201).

Uit die totaal van 8 gesinne wat deur die maatskaplike werkers as teikengroep geïdentifiseer is, was 6 gesinne gewillig om deel te wees van die studie.

Fokusgroepe is benut. Een fokusgroep het uit 6 ouerpare bestaan en een fokusgroep uit die adolessente kinders van die ouerpare. Tydens die groepsbyeenkomste is kwalitatiewe vrae gestel wat op 'n informele wyse hanteer is. Twee fokusgroepe het met die geïdentifiseerde ouers plaasgevind en twee fokusgroepe het met die adolessente kinders van die betrokke ouers plaasgevind. 'n Totaal van 4 groepsessies het plaasgevind.

Fokusgroepe vorm groepsonderhoude waartydens daar gepoog word om te verstaan hoe die groeplede dink en hoe hulle die situasie beleef. In hierdie geval hoe die ouers oor die adolessent voel, hoe hulle die verhouding met die adolessente beleef, hoe die adolessente oor hulle ouers voel asook hoe die adolessente hulle verhouding met hulle ouers beleef (Greeff, 2005:296-300).

### 5.2.3 Meetinstrumente

Fokusgroepe maak gebruik van onderhoudvoering in groepverband waar 'n stel vooraf beplande vrae aan die groeplede gestel word. Die fokusgroep metodologie is gerig daarop om direk te wees en 'n sekere onderwerp te ondersoek. Vrae word breedvoerig geformuleer om 'n wye respons te kry. Kingry, Tiedje & Friedman

(1990:124) stel voor dat die vrae gerig moet wees op inligting uit die literatuur en konsultasie met ander kundiges. Die struktuur van die groep word bepaal deur die styl van die fasiliteerder van die fokusgroep en hoe die vrae uiteengesit is.

'n Verdere instrument wat gebruik word is veldnotas. Tydens die groepbyeenkomste moet die fasiliteerder notas maak en dit direk na afloop van die byeenkomste formeel skryf. Die veldnotas sluit in hoe en waar die ouerpare gesit het, die orde hoe die groeplede gepraat het, nie-verbale gedrag soos oogkontak, liggaamshouding, ongemak en verhoudings en gebare tussen die groeplede. Melding kan ook gemaak word van die temas of onderwerpe wat bespreek is. 'n Verdere hulpmiddel is om opnames te maak van die groepgesprek met die toestemming van al die groeplede (Greeff, 2005:311). Die lys van benodigdhede vir die onderhoude tydens die fokusgroepe het ingesluit; die lys van vrae, identifiserende vraelyste, bandspeler, skoon bande, plek vir die groepbyeenkomste en verversings (Greeff, 2005:298-303).

Die deelnemers het vooraf elkeen 'n toestemmingsbrief vir deelname aan die navorsing voltooi. Die fokusgroepe het by die kantore van die CMR Brakpan en Germiston plaasgevind. Die lokale waarin die groepe plaasgevind het was netjies en gerieflik. Persone wat buite die lokaal gesit het kon nie die gesprek van die fokusgroeplede hoor nie. Die groeplede het om 'n ronde tafel gesit en oogkontak met mekaar kon voortdurend plaasvind.

### 5.2.4 Prosedure

- Ander kundiges in die veld is genader om vas te stel of hulle ook dieselfde tendens beleef van ouers wat nie 'n goeie verhouding met hulle adolessente kinders het nie (Cilliers, 1973: 35).
- Die Besture van die Christelik Maatskaplike Rade van Brakpan en Germiston is genader vir toestemming om die navorsing uit te voer en die identifisering van moontlike gesinne vir die navorsing.
- Die vraelys wat die profiel en identifiserende besonderhede van die gesin beskryf is opgestel. Die vraelys is gebruik vir die navorser se eie rekord doeleindes. Met

hulle aankoms by die groeplokaal het elke gesin die vraelys voltooi en aan die navorser oorhandig.

- 'n Lys gestruktureerde vrae is deur die navorser opgestel wat tydens die byeenkoms aan die respondente gevra is.
- Die fokusgroepe met die adolessente het eerste plaasgevind en die fokusgroepe met die ouers van die adolessente direk daarna.
- Voordat begin is met die groep het die navorser en elke respondent eers die geleentheid gehad om hom of haar aan die res van die groep voor te stel. Die navorser het aan elke groep verduidelik wat die doel van die byeenkoms is en die versekering gegee dat inligting vertroulik hanteer sal word. Die gesprekke van elke groepsessie is met die toestemming van die respondente op band geneem. 'n Mede navorser het aantekeninge tydens die byeenkomste gemaak. Die aantekeninge van die mede navorser is gebruik ter ondersteuning tot die transkripsies wat van elke byeenkoms gemaak is.
- Transkripsies is van al die gesprekke gemaak.
- Die navorser het die data verwerk.
- Riglyne is ontwikkel om aan maatskaplike werkers in die praktyk beskikbaar te stel.

### 5.2.5 Etiese aspekte

Tydens die kwalitatiewe ondersoek is die skriftelike toestemming van die proefpersone bekom. Die respondente is in kennis gestel dat geen inligting wat hulle mag identifiseer bekend gemaak sal word nie (Tutty, Rothery & Grinnell, 1996:145). Toestemming is verkry by die ouers en adolessente wat aan die groepsessies deelgeneem het. Vervat in die identifiserende vraelys was 'n gedeelte waar al die respondente toestemming tot deelname aan die navorsing en gebruik van 'n bandspeler verleen het.

Die respondente is ingelig is oor die doel van die navorsing en die onderneming is gegee dat terugvoer aan die respondente gegee sal word. Sodra die riglyn ontwikkel is sal dit tot die beskikking gestel word van die maatskaplike werkers by die

Christelik Maatskaplike Rade van Brakpan en Germiston wat die riglyn in hulle hulpverleningsproses met die ouers en adolessente kan toepas.

Deelname was vrywillig en skending van privaatheid het nie plaasvind nie (Neuman, 2000:283-284). Vertroulike inligting is met groot omsigtigheid, anonimiteit en vertroulikheid hanteer. Die onderneming is gegee dat indien die punt bereik word waar die inligting bekend gemaak moet word, vir watter rede ook al, die partye vooraf in kennis gestel sal word (Salkind, 2000:34-43).

Voorsorg is getref vir emosionele skade vanweë die sensitiwiteit van die vrae wat gevra is. Die navorser en mede navorser is albei maatskaplike werkers wat die nodige emosionele ondersteuning kon verleen indien dit nodig sou wees. Die ouers en adolessente het wel op sekere vrae baie heftig gereageer, maar verdere emosionele ondersteuning na afloop van die groepsbyeenkomste was nie nodig nie (Babbie, 2001:470-481).

Die besluit oor kompensasie is met groot omsigtigheid hanteer. Deelname aan die navorsing was vrywillig. Die respondente was bekende kliente by die onderskeie welsynsorganisasies en het nie kompensasie verwag nie. Die respondente het wel verversings tydens elke byeenkoms ontvang (Salkind, 2000:38).

Die navorser was eerlik wees met die deelnemers en die versekering is gegee dat hulle terugvoer sal ontvang. Veral die ouers het baie duidelik laat blyk dat hulle terugvoer sal wil hê. Die riglyn sal vir toepassing aan hulle maatskaplike werkers beskikbaar gestel word. Voordele, tekortkominge en mislukkings van die ondersoek sal aan die respondente bekend gemaak word. Daar moet ook verslag gelewer word oor die positiewe en negatiewe data. Eerlikheid vanaf die navorser sal bydra dat die ondersoek meer wetenskaplik is (Babbie, 2001:475).

Die Etiese Komitee van die Noordwes Universiteit, Potchefstroom kampus het die navorsing goedgekeur. Die projeknommer is 06K06.

### 5.2.6 Dataverwerking

Die gesprekke op die bande is getranskribeer. Data is self verwerk en gekategoriseer. Inligting is geklassifiseer om die temas en subtemas te identifiseer.

## 6. RESULTATE

Drie hooftemas het uit die fokusgroep ontwikkel. Die temas is aan die doelwitte gekoppel. Die data uit die fokusgroepe gaan nou aan die hand van temas en subtemas bespreek word. Daar gaan ook 'n literatuurkontrole wees.

**Tabel 1: Temas en subtemas wat deur respondente geïdentifiseer is.**

| Nommer | Tema | Sub-tema |
|---|---|---|
| 1 | Ouer-adolessent verhouding | • Eienskappe van 'n goeie verhouding<br>• Tyd vir mekaar<br>• In tye van 'n krisis<br>• Betoon liefde |
| 2 | Ouer-adolessente konflik | • Oorsake van konflik<br>• Oplossing van konflik<br>• Effektiwiteit van konflik |
| 3 | Ouer-adolessent kommunikasie | • Aspekte vir goeie kommunikasie<br>• Hantering van sensitiewe sake<br>• Hantering van onaanvaarbare vriendskappe |

**Tema 1: Ouer –adolessentverhouding**

Dit blyk uit die ondersoek dat die meeste adolessente positief is oor hulle verhouding met hulle ouers. Die afgelope jare het sielkundiges hulle opvattings oor gesonde ouer-adolessent verhoudings verander nadat hulle bevind het dat meeste tieners 'n warm en naby verhouding met hulle ouers beleef. Daar is bevind dat adolessente omgee wat hulle ouers se opinie van hulle is en heelwat waarde heg aan die opinie van die ouers. "In recent years, psychologists have revised their idea of healthy parent-teen relationships. They have found that most teens have warm, close relationships with their parents. " (Healthy Parenting Today: 2002a).

Die teendeel is egter ook waar, wanneer die adolessent nie goeie rapport met die ouer beleef nie, sal verhoudingsprobleme steeds voorkom, maar daar is altyd maniere om 'n positiewe verhouding met die adolessent op te bou. "Many teens that do not have good rapport with their parents have had difficulties with them for years. If your relationship with your child has always been strained, there are ways to relate more positively." (Healthy Parenting Today: 2002b).

Dit blyk uit die inligting vervat in die artikel dat die meeste ouers tevrede is met hulle verhouding met hulle adolessente. Die artikel bespreek stappe wat 'n ouer kan neem om nader aan die adolessent te beweeg. "They care about their parents' opinion of them and hold their parents' opinions in high regard. Many teens that do not have good rapport with their parents have had difficulties with them for years." (Healthy Parenting Today: 2002b).

***Subtema 1: Eienskappe van 'n goeie verhouding.***

Die adolessente in die fokusgroep het genoem dat getrouheid, eerlikheid, liefde, respek, beste vriende wees, en leiding gee belangrike eienskappe in hulle verhouding met hulle ouers is. Die adolessente het genoem dat hulle, hulle ouers wil vertrou en dat die ouers moet verstaan hoekom die adolessent op 'n sekere manier opgetree het. Die een seun het die volgende gemeld: "Ek dink vertroue is ook nogal nodig vir 'n goeie verhouding. Jy moet weet dat wanneer jy vir jou ma of pa iets vertrouliks vertel, hulle dit nie sommer vir almal gaan uitblaker nie. Jy moet weet hulle gaan dit hierso hou en net julle twee kan daaroor praat."

Onvoorwaardelike liefde is belangrik om 'n vaste verhouding met jou tiener te bou. Wanneer die verhouding tussen die adolessent en die ouer op onvoorwaardelike liefde gegrond is, kan die ouer met die nodige selfvertoue sy rol as ouer uitleef (Campbell, 2005:29).

Die ouers in die fokusgroep is van mening dat respek vir die ouer, openhartigheid, samewerking, eerlikheid, aanvaarding, leer vanuit die voorbeeld van die ouer en aanvaarding belangrike eienskappe is om 'n goeie verhouding met die adolessent te handhaaf.

Een van die ouers in die ondersoekgroep was van mening dat die adolessent nie die ouers se gevoelens in ag neem nie en partykeer kwetsende aanmerkings kan maak sonder om in ag te neem wat die uitwerking van hierdie opmerkings op die ouer is. Die ouers moet dan kan voortgaan asof niks verkeerd is nie. Een van die ouers het die volgende aanmerking gemaak: "Adolessente is moeilik, want hulle kan jou nou slaan ... hulle kan jou nou 'n hou gee wat seermaak. Dan is jy veronderstel om gou-gou reg te kom en om te sê; dit maak nie saak nie. Maar baie keer hou jy maar 'n bietjie van 'n wrok."

Townsend (2006:10) het 'n lys saamgestel waarin tipiese gedrag van adolessente uiteengesit is. Heel eerste op die lys van tipiese gedrag by 'n adolessent is hulle oneerbiedige gedrag teenoor hulle ouers, vriende en familie. Op die lys is ook aangetoon dat adolessente gemeen is teenoor hulle sibbes en vriende. Hierdie gedrag van die adolessent het 'n negatiewe uitwerking op die verhouding tussen die ouer en adolessent.

***Subtema 2: Tyd vir mekaar***

Die adolessente meen dat hulle nie werklik tyd alleen saam met hulle ouers spandeer nie. Weinig van die adolessente kon geleenthede uitlig waar hulle alleen tyd saam met een van die ouers spandeer. Tyd saam sluit hoofsaaklik geleenthede in waar die gesin saam gaan uiteet, fliek, inkopies doen of televisie kyk. Een van die seuns in die groep het die volgende genoem: "Ons gaan nie baie alleen saam uit nie, as ons verjaar sal ons iets gaan eet en dan praat ons 'n bietjie met mekaar."

Volgens onlangse navorsing in Amerika met 1 250 adolessente het tot 67% van die deelnemers gesê dat hulle meer tyd saam met hulle ouers wil deurbring. Meer as die helfte van die deelnemers het gesê hulle sal meer gelukkig en beter aangepas wees as hulle meer tyd saam met hulle ouers of ander volwasse toesighouers kon deurbring.

Die adolessente plaas 'n hoër premie op tyd wat saam by die huis deurgebring word as tyd saam weg op 'n duur gesinsvakansie of uitstappie. "Relationships with our children are not built overnight. We must start early. And don't give up or lose interest when it becomes increasingly difficult. Although teens may not know how to

express their appreciation, they won't forget the special times, especially the one-on-one times that you spent with them."(Focus Adolescent Services, 2006).

Die ouers van die fokusgroep het erken dat hulle nie baie tyd het om saam met hulle adolessente deur te bring nie. Van die ouers het genoem dat hulle tyd maak deur belangstelling te toon in die adolessent se aktiwiteite. Een van die pa's in die fokus groep het gemeld dat hy spesifiek tyd uiteensit om saam met sy kinders te spandeer: " ...neem elke seun apart om tyd saam met hom te spandeer." Die ma's van die fokusgroep is van mening dat die tyd wat hulle saam met die dogters spandeer om inkopies te doen die enigste kans op tyd alleen saam met die adolessent is.

In navorsing wat onlangs in Amerika onderneem is noem die adolessente dat hulle ouers te min tyd saam met hulle deurbring terwyl die ouers wat aan dieselfde opname deelgeneem het van mening was dat hulle genoegsame tyd saam met die adolessente deurbring. Hierdie diskrepansie kan wees as gevolg van die ouers se veronderstelling dat hulle genoegsame tyd saam met hulle adolessente spandeer (American teens say they want quality time with parents, 2006).

***Subtema 3: In tye van 'n krisis***

Die adolessente van die fokusgroep het oor die algemeen gesê dat hulle na hulle ouers sal gaan as hulle 'n krisis beleef. Dit sal hoofsaaklik hulle ma wees omdat sy meer beskikbaar is. Een van die dogters het die volgende gesê: "...nie my pa nie, hy is te ongeduldig."

Wanneer die adolessent 'n stabiele verhouding met sy ouers beleef sal dit maklik wees om 'n besluit te neem en die vrymoedigheid te hê om met die ouer oor 'n probleem te gesels. Adolessente wat hierdie positiewe onderbou met hulle ouers het sal beter daartoe in staat wees om enige probleme op hulle pad te hanteer. "Although teenagers will make their own choices, a good home life can increase the odds that kids will avoid many of the pitfalls of adolescence. Particularly, a kind, warm, solid relationship with parents who demonstrate respect for their children, an interest in their children's activities, and set firm boundaries for those activities may directly or indirectly deter criminal activity, illegal drug and alcohol use, negative peer pressure,

delinquency, sexual promiscuity, and low self-esteem."(Focus Adolescent Services. 2006).

Die ouers van die fokusgroep se terugvoer oor hierdie vraag was feitlik dieselfde as die adolessente sin. Die ouers het erken dat hulle soms te besig is, maar tyd sal afsonder met die adolessent as hulle sien daar is 'n probleem. Die ouers is van mening dat daar ander familielede of selfs ook 'n onderwyser by die skool is na wie die kind sal gaan met 'n krisis. Die een ma se reaksie was: "Dit is belangrik dat hulle praat met iemand, hulle moet 'n uitlaatklep hê."

***Subtema 4 : Betoon liefde.***

Die adolessente het baie positief op hierdie subtema gereageer. Van die adolessente in die fokusgroep is van mening dat deur sekere takies te doen vir die ouer 'n wyse is om liefde te betoon. Die take sluit in om in die huis te help met skoonmaak of kosmaak. Ook om vir die ouer 'n koppie tee te maak of ontbyt in die bed te neem. Van die adolessente dogters het gesê hulle sal die ouer 'n drukkie gee voor hulle gaan slaap. Een van die seuns het gesê: "Ek kan nie my gevoelens wys nie."

'n Adolessent neig om selfsugtig en selfgesentreerd te wees. Hulle is buierig en kan hulle vinnig onttrek van die res van die gesin (Townsend: 2006). In sulke omstandighede is dit nie altyd vir die ouer maklik om liefde te bewys nie. Wanneer 'n adolessent aanvaarding, warmte en liefde by sy ouers beleef sal hy meer geneig wees om sosiale interaksies te inisieer met ander adolessente of volwassenes. Verhoudings wat gekenmerk word deur vriendelikheid en goedhartigheid blyk belangrik te wees vir 'n gesonde adolessent ontwikkeling (Focus Adolescent Service, 2006).

Die ouers van die fokusgroep het genoem dat hulle liefde betoon deur vir die adolessent te sê dat hulle lief is vir hulle, 'n drukkie gee, iets vir hulle koop wat hulle graag wil hê, aandag gee en tyd saam met hulle spandeer. Die een vader het opgemerk: " Speel saam met hulle krieket of met die bal."

Campbell (2005: 37) noem dat onverdeelde aandag vir die adolessent laat voel dat hy die belangrikste mens in die wêreld is. Dit is nie altyd maklik om liefdevolle kontak met die adolessent te maak nie veral in onaangename tye wanneer die adolessent nie wil praat of saamwerk nie. Die adolessent is geneig om te onttrek van die ouer se liefde en toenadering, maar in sulke tye is dit belangrik dat die ouer beskikbaar is en wag dat die tiener self hierdie skans afbreek en uitreik na jou as ouer. Die adolessent sal sekere tye fisiese kontak aanvaar, maar by ander geleenthede dit glad nie verdra nie. Die ouer moet bedag wees op die positiewe tye vir aanvaarding van fisiese kontak en dit gebruik. Liefde kan net 'n aanraking wees of selfs net jou hand op sy ouer of skouer te sit. Onverdeelde aandag, fisiese kontak en oogkontak is 'n doeltreffende manier om die adolessent te help om aan sy eie verwysingsraamwerk oor die opbou van goeie verhoudings te werk. Die voorbeeld wat die ouer aan die adolessent stel is van groot waarde (Campbell, 2005: 29,125).

**Tema 2: Ouer-adolessent konflik.**

Adolessensie word gesien as 'n tydperk van transformasie en herorganisering van gesinsverhoudinge (Allison & Schultz, 2004:101). 'n Belangrike skuif wat plaasvind is die verandering in eensydige outoriteit tussen die ouer en kind na gelyke outoriteit waar die adolessent deel het aan die proses van probleemoplossing. Konflik gedurende hierdie fase is algemeen en indien die ouer 'n swak verhouding met die adolessent het is daar wel wyses om 'n beter verhouding met die adolessent op te bou. "If your relationship with your child has always been strained, there are ways to relate more positively. Despite the fact that most parent-teen relationships are warm and caring, issues of independence and increasing conflict emerge during the teen years." (Healthy Parenting Today: 2002b).

***Subtema 1: Wat veroorsaak konflik?***

Dit blyk uit die ondersoek met die fokusgroepe dat daar ooreenstemming tussen die adolessente en die ouers is oor die oorsake van konflik. Die adolessente het die volgende punte as die hoofoorsake van konflik in die gesin genoem: verhouding met sibbes, kleredrag, huiswerk en leerwerk, houdings, terugpratery, eksamen en toetse, rook, help met take in die huis, onnetheid in die kamer of ander dele van die huis. Die

een dogter het die volgende opmerking gemaak: "Die kleintjies of kleiner boeties en sussies, want jy kan nie studeer met hulle nie en ek's in matriek. Dan word ons voorregte van ons weggevat as ons 'n vak druip, maar dis nie ons skuld nie."

Die adolessente het gesê hulle raak geïrriteerd met die jonger boeties en sussies in die huis wat hulle pla as hulle huiswerk doen of net tyd op hulle eie wil spandeer. Die ouers is nooit tevrede met hulle voorkoms nie en maak altyd 'n aanmerking oor hulle kleredrag. Een van die seuns het opgemerk dat daar altyd 'n bakleiery is omdat sy ma dink hy moet die hele tyd voor die boeke sit en leer. Hulle wil ook altyd weet waarheen hy gaan.

Volgens Anoniem (2006:4) verwag adolessente konsekwent regverdige behandeling in vergelyking met hulle eweknieë, broers en susters. 'n Jonger sibbe moet nie meer toegeeflik behandel word as inkom en uitgaan tye ter sprake kom nie.

Die ouers se reaksie op hierdie vraag het ingesluit konflik oor musiek, sigarette, afknouerigheid teenoor die sibbes, houdings en terugpraat, selfoon, nie huiswerk doen nie, lui om te help met huistake, onnet kamers, ignoreer versoeke of opdragte. Een van die ouers is van mening dat die adolessente onverantwoordelik is. Die ouer se rede hiervoor word as volg weergegee: "Onverantwoordelikheid, die een dogter het een aand uitgeglip om haar kêrel te ontmoet. Sy het die huis se deur oop laat staan. Ons slaap rustig binne en weet van niks. Dit is gevaarlik!"

Allison en Schultz (2004:114) het bevind dat konflik verskil tussen die geslagte. Daar is gevind dat daar meer konflik tussen die adolessent en hulle moeders is as tussen die adolessent en hulle vaders. Alhoewel daar meer konflik is tussen die ouers en hulle adolessente dogters as tussen ouers en hulle adolessente seuns. Die hoofrede hiervoor is dat die ouers hoër verwagtings aan dogters stel oor hulle verantwoordelikhede tuis, hulle voorkoms en ontwrigtende gedrag. Die enkele grootste saak wat konflik tussen ouers en adolessente seuns veroorsaak is skool-en huiswerk. Die verskil in redes vir konflik tussen ouers en hulle adolessente seuns en dogters is die feit dat die samelewing stereo-tipe rolle koppel aan seuns en dogters.

Die ouer moet in gedagte hou dat hy te make het met 'n jong volwassene wat besig is om sy eie identiteit vas te lê, daarmee saam gaan hy die ouer se gesag toets. Heelwat konflik word tussen die ouer en kind veroorsaak deur situasies waar die adolessent die ouer se gesag toets. Dit is belangrik dat die ouer terugdink aan sy eie adolessente jare en sy adolessent welwillendheid, begrip en liefde gee in hierdie moeilike ontwikkelingsfase van hulle lewe (Townsend, 2006:26).

***Subtema 2: Hoe word konflik opgelos?***

Terugvoer vanaf die adolessente oor die oplos van konflik het ingesluit; hou op om te eet, gooi 'n houding, gil en skreeu, onttrek en kry stilstuipe, ignoreer dit, doen niks want dit sal weggaan, slaan die deure toe, pak my klere om weg te loop, sit om die tafel en bespreek dit, wag tot almal kalmer is en bespreek dit. Die een seun in die fokusgroep meld die volgende: "... ignoreer dit want dit sal weggaan. Bly weg van hulle almal af. Sit in jou kamer. Hulle mag jou nie sien nie!"

Die ouers se terugvoer oor die hantering van konflik het ingesluit; praat die saak uit, word eers kalm, ontneem voorregte of ignoreer dit omdat die adolessent in elk geval vir my ignoreer.

Die adolessent se toename in besluite rondom homself, sy eie regspraak en outoriteit verander die patroon van interaksie in die gesin. Dit veroorsaak 'n toename in konflik tussen die adolessent en sy of haar ouers. Adolessente wil volgens hul ouderdom en ontwikkelingsvlak toenemend vertrou word met meer verantwoordelikheid om so tot selfstandigheid begelei te word (Anoniem, 2006:4). Konflik bly egter 'n integrale deel van die gesinsverhoudings Sodra die ouer en adolessent in staat is om konflik positief op te los sal hulle kan voortgaan om 'n goeie verhouding te handhaaf (Young Adult Health, 2006).

***Subtema 3 en 4: Is die konflik hantering effektief en hoe kan dit verbeter word?***

Volgens die adolessent is die gesin se manier van konflik hantering effektief. Die huishouding gaan weer aan as dit weer rustig is. Dit is wel belangrik dat 'n saak uitgepraat word anders sal daar nooit vrede in die huis wees nie. Die een seun maak

die volgende stelling: "Ons moet praat oor die dinge, anderster gaan ons die heeltyd baklei, dan gaan ons nooit iets daaraan kan doen nie, want dan gaan ons heeltyd vassit oor elke klein dingetjie."

Die ouers voel dat elkeen in die gesin bereid moet wees om 'n kompromie aan te gaan en dat ander persone se menings in ag geneem moet word. Dit sluit ook die adolessent se mening in. Nadat konflik hanteer is behoort elkeen in die gesin mekaar beter te verstaan.

Navorsing wat gedoen is by die Universiteit van Wisconsin-Madison in die V.S.A. het ten doel gehad om 'n nuwe benadering tot die ouers en adolessente se denkwyse oor konflik te ondersoek. Die adolessente het emosies, aggressie, afkoel en onderdanigheid gebruik om die konflik tydens die navorsing te hanteer terwyl die ouers die konflik as normaal vir enige huishouding beskou het. Die navorsing het bevind dat ouers en adolessente nie 'n gestruktureerde metode vir konflikhantering gebruik het nie. Daar is aanbeveel dat indien die ouers en adolessente 'n gestruktureerde riglyn volg om konflik op te los, meer sukses in die hantering van konflik bereik sal word (Pub Med, 2006).

Dit is belangrik dat die ouer van die gewoonte gebruik maak om eers te wag totdat hy kalm is voor die adolessent gedissiplineer word. Dit is belangrik vir die ouer om saam met die adolessent aan 'n oplossing vir 'n saak van konflik te werk en die adolessent te ondersteun in die deurvoer van die besluit (Parenting and Family, 2006).

**Tema 3: Ouer-Adolessent kommunikasie.**

***Subtema 1: Belangrike aspekte vir goeie kommunikasie***

Dit blyk uit die ondersoek dat die adolessente onseker is oor wat nodig is vir goeie kommunikasie tussen adolessente en hulle ouers. Die adolessente deelnemers se antwoorde was vaag en hulle het min reaksie getoon oor die vrae rondom kommunikasie. Die een dogter stel dit duidelik dat sy nie sal uitreik na ander as hulle nie met haar wil praat nie. "Ek praat net met mense wat my verstaan. Ek gee nie om

oor ander as hulle nie wil luister nie, dan praat ek nie met hulle nie." Ander reaksies op hierdie vraag het ingesluit 'n voorstel om die huisreëls op die deure in die huis te plak, om vriendelik te wees met die mense in die huis en hoop die ouers praat vinnig klaar omdat hulle geïrriteerd raak as die ouers begin praat veral as dit bekende inligting is. 'n Ander opmerking oor hierdie vraag was; "...ek weet nie, want dit is nie iets wat ek by die skool geleer het nie."

Die ouers van die fokusgroep se antwoorde het ingesluit die belangrikheid van liggaamstaal en houding, wees openlik en eerlik, maak oogkontak, gee die adolessent kans om klaar te praat, praat eenkant met die adolessent en maak hulle deel van die huishouding. Die ouers was andersins onseker en kon nie die vraag verder beantwoord nie. Die een ma se reaksie was: "... nee nou weet ek nie meer nie!"

Een van die belangrikste vaardighede vir effektiewe kommunikasie is om te luister. Om werklik intens te luister sluit in om te luister na die betekenis van wat aan die luisteraar meegedeel word, die persoon wat luister moet hom in die ander persoon se posisie indink en oplet na die lyftaal van die verteller. "One of the most important skills in communication is listening. How hard can that be? If you listen properly it can be almost exhausting. It can also be a precious gift to give to one another."(Young Adult Health, 2006).

Vaardighede vir goeie kommunikasie blyk onderontwikkeld te wees by beide die ouers en die adolessente. "Talking encourages family togetherness and increases the likehood teens will share parent's values. Parents need to be ready to talk when teens are and not when it is convenient for them."(Teen Talk, 2006).

Die adolessente meld dat hulle behoeftes oor beter kommunikasie met hulle ouers die volgende insluit; die ouers moet hulle die kans gee word om hulle saak te stel, die ouers moet meer met hulle gesels en nie net oor hulle kleredrag en deurmekaar kamer nie. Dit is belangrik dat ouers en adolessente rustig met mekaar gesels en nie mekaar verskree nie (Teen Talk, 2006). Badenhorst (2006:2) meen ook dat dit belangrik is om 'n verhouding te hê waar die ouer en adolessent openlik met mekaar gesels.

***Subtema 2: Hantering van sensitiewe sake soos seksualiteit en HIV en VIGS.***

Die adolessente deelnemers was dit eens dat die ouers nie hierdie sensitiewe sake met hulle bespreek nie. Hulle laat dit oor aan die skool of kerk. Een van die seuns het wel genoem: "My pa praat baie met ons, ons moet van kleins af leer wat is reg."

Die ouers se reaksie op die vraag was uiteenlopend. Van die ouers meld dat die sake by die skool en kerk hanteer word. 'n Ander ouer antwoord: "Kinders het geen grense nie, hulle is 'streetwise.' " 'n Ander ouer noem dat die ouer moet luister as die adolessent vrae rondom sensitiewe sake het en dan so eerlik en openlik as moontlik antwoord.

Teen Talk (2006:1) noem verskillende sake wat 'n ouer met sy adolessent kan bespreek. Dit is belangrik dat die ouer met die adolessent moet gesels oor sensitiewe en kontroversiële sake soos seksualiteit, dwelms, morele sake soos oorlog en godsdiens, die adolessent se toekomsplanne en gesinsake. In laasgenoemde moet die adolessent deelneem aan belangrike besluite wat in die gesin geneem moet word. Die ouer moet waarde heg aan die adolessent se bydrae oor belangrike en kontroversiële sake. Dit is 'n geleentheid vir die adolessent om sy eie standpunt en waardes te toets teenoor volwassenes en sy ouers wat hom moet help om sy selfbeeld te ontwikkel en waardes sy eie te maak.

***Subtema 3: Hantering van onaanvaarbare vriendskappe***

Die adolessente noem dat hulle ouers reguit vir hulle sal sê die vriendskap word nie goedgekeur nie, hulle sal dan die vriend die huis belet: "Ons mag nie by hulle kuier nie en ja ... ons mag nie by hulle wees nie."

Die ouers meld dat hulle die adolessent sal belet om die vriendskap voort te sit, die vriend die huis sal belet en aan die adolessent verduidelik hoekom die vriendskap afgekeur word. Dit is belangrik om met die adolessent te praat oor sake wat belangrik is omdat sulke gesprekke die verhouding tussen die ouer en adolessent sal versterk (Teen Talk, 2006: 1-3).

## 7. GEVOLGTREKKING

Gebasseer op die resultate is die belangrikste gevolgtrekkings wat gemaak kan word as volg;

- Die ouer moet bewus wees van die *ontwikkelingsfases* waardeur die adolessent gaan. Die grootste verandering vind op liggaamlike vlak plaas en daarmee saam gaan buierigheid. Die adolessent begin 'n gevoel van onafhanklikheid ontwikkel wat daartoe lei dat die adolessent gesag begin uitdaag. Die ouer moet besef dat die stadium gaan kom wat die adolessent sy gesag dus gaan uitdaag.
- *Grense* wat die ouer vir die adolessent stel is veral belangrik waar die adolessent sukkel om sy eie identiteit te vestig en sy rolle en verhoudings neer te lê. Dit is belangrik dat die adolessent weet wat die ouer van hom verwag. Ouers wat grense daar stel moet in staat wees om afstand te handhaaf om sodoende nie die adolessent se verantwoordelikhede oor te neem nie. Deur die stel van grense stel die ouer die sekuriteit en veiligheid van die adolessente eerste.
- Ouers moet *volhou* met die grense wat gestel is. Hulle moet hou by die reëls en gevolge binne perke, want die adolessent kan baie manipulerend, intimiderend en knaend wees.
- Die ouers moet *eerlik* wees. Dit impliseer dat die ouer die adolessent moet konfronteer wanneer hulle oortree. Die adolessent moet besef dat daar gevolge is vir gedrag wat nie binne die ouers se riglyne en reëls ressorteer nie.
- Daar moet 'n gevoel van *verbintenis* tussen die ouer en adolessent wees. Indien die verbintenis tussen die ouer en adolessent konsekwent, positief en gekenmerk word deur warmte, liefde, aanvaarding en stabiliteit sal die adolessent se ontwikkeling tot 'n volwassene makliker verloop.
- Indien die ouer werklik *belangstel* in die adolessent se aktiwiteite sal dit die kans dat die adolessent in die moeilikheid beland verminder omdat die adolessent bewus is van die feit dat die ouer sy aktiwiteite opvolg.
- Indien die ouer sy verhouding met die adolessent wil verhoog is dit belangrik dat die ouer *tyd* saam met die adolessent deurbring. Tyd saam sluit in

ontspanningsaktiwiteite wat terselfdertyd die adolessent se kreatiwiteit, en ander sosiale vaardighede kan ontwikkel.

- Dit is belangrik dat die ouer *luister* wanneer die adolessent praat. Wanneer die adolessent klaar gepraat het moet die ouer reflekteer wat die adolessent gesê het of wat die gevoelens is wat hy ervaar het. Dit sal vir die adolessent bevestiging gee dat die ouer werklik na hom geluister het.

## 8. RIGLYNE

Die riglyn moet beskou word as 'n georganiseerde, doelgerigte hulpmiddel maar wat buigsaam is om in die maatskaplike werk praktyk aangepas te word. Die maatskaplike werker begelei die ouer van die adolessent en die gesin deur die fases van dialoog, ontdekking en ontwikkeling. Daar is spesifieke prosesse wat gevolg moet word om die maatskaplike werker rigting te gee in die gebruik van die riglyn en die belangrike komponente wat gevolg moet word om die ouers van die adolessent te bemagtig.

***Sessie 1***

| Fase | Proses | Aktiwiteite |
|---|---|---|
| Dialoog | Vorm vennootskappe | Hierdie aktiwiteit vind in tydens die eerste kontak plaas. Dit is belangrik om 'n band met die ouers te vorm wat die maatskaplike werker en die ouer bewus maak van die gesin se sterktes en uniekheid.<br>* Voltooi die assesseringsvraelys wat die gesin se sterktes aanwys. (Sien aanhangsel 11.4)<br>* Stel vas in watter lewenssiklus die gesin hom bevind. (Sien aanhangsel 11.5) |

| | | |
|---|---|---|
| | Ontleed die situasies | * Luister aktief na wat die ouers se vertel. Reageer op die inligting wat hulle deurgee en die gevoelens wat hulle beleef. * Maak gebruik van verbale en nie-verbale tegnieke en wees bewus van kulturele diversiteite wat teenwoordig mag wees. |
| | Definieer die doelwitte | * Die maatskaplike werker en die ouers moet vasstel wat die hoofdoelwit waarna gestreef moet word. * Die hoofdoelwit gee rigting aan die uitdagings wat die ouers moet oorbrug. * Die doelwitte wat bereik wil word dui aan watter hulpbronne en sterktes aangewend moet word om die oplossings te bereik. * Terwyl die ouers die situasie bespreek moet die maatskaplike werker bedag wees op onmiddellike behoeftes en krisisse by die adolessent wat aandag moet geniet, soos trauma, depressie, dwelm en alkohol misbruik en dreigemente van selfmoord. Hierdie krisisse en behoeftes moet onmiddellik aandag geniet. |

*Sessie 2*

| | | |
|---|---|---|
| Ontdek | Identifiseer die sterktes | * Gedurende hierdie fase gaan die maatskaplike werker en die ouers sistematies deur die hulpbronne wat kan help om oplossings te bied.<br>* Hierdie hulpbronne kan in die gesinsisteem of buite die gesin se maatskaplike of fisiese omgewing teenwoordig wees.<br>* Die maatskaplike werker en die ouers werk saam om die inligting te organiseer om die veranderinge te beplan.<br>* Die maatskaplike werker moet deurentyd bedag wees om die gesin se bevoegdhede, kreatiwiteit en sterktes wat teenwoordig is in hulle interpersoonlike verhoudings, kultuur, organisasie netwerke en ander verbintenisse vas te stel.<br>* Wanneer die maatskaplike werker die ouers se sterktes beklemtoon voel die ouers bemagtig. Hulle sien hulleself as volle vennote om toegang te verkry tot die nodige hulpbronne. |
| | Assesseer die beskikbaarheid van bronne | * Die maatskaplike werker en die ouers ontleed saam die interpersoonlike, gesins, groep, gemeenskaps en politiese sisteme om 'n wye siening te kry van die interaksies in die omgewing waarin die gesin beweeg. |

| | | |
|---|---|---|
| | | * Die maatskaplike werker en die ouers ontdek saam watter veranderinge kan plaasvind en besluit saam oor watter hulpbronne uit die omgewing geaktiveer moet word om die doelwit te bereik. |
| | Stel 'n plan van aksie op | * Die plan van aksie spel baie duidelik uit wat die ouers wil bereik asook die strategieë wat aangewend moet word om die doelwitte te bereik. |

***Sessie 3 en verdere sessies***

| | | |
|---|---|---|
| Ontwikkeling *Sessie 3 en verdere sessies* | Aktiveer die beskikbare hulpbronne | * Aktiveer die plan van aksie deur die mobilisering van die beskikbare hulpbronne deur samesprekings, hulpbronbestuur en opvoeding. |
| | Bou vennootskappe en netwerke | * Ontwikkel en vorm verbintenisse in die gesin se omgewing, ondersteuningsnetwerke en binne die diensleweringsisteem. |
| | Ontwikkel geleenthede en brei dit uit | * Ontwikkel nuwe geleenthede en hulpbronne deur programontwikkeling, organisering van die gemeenskap en maatskaplike aksie. |

Hierdie riglyne kan tydens individuele sessies met die ouers en hulle adolessente kinders aangewend word of tydens groepsessies met drie tot vier ouerpare.

*Afsluiting en terminering*

| | | |
|---|---|---|
| | Erken suksesse wat behaal is | * Evalueer die suksesse wat tot dusver bereik is en beplan die voortdurende aksies. Dit is belangrik dat die ouers kan voortgaan |
| | Samevatting van die vordering wat gemaak is. | * Maak 'n samevatting van al die veranderinge wat plaasgevind het, vier die suksesse en stabiliseer die suksesse wat bereik is. |

**8.1 Verdere vaardighede wat aangewend kan word om ouers met adolessente kinders te bemagtig.**

Die maatskaplike werker moet in staat wees om verdere vaardighede vir die oues aan te leer. Die vaardighede sluit in,

- *Verhoudingsbou* vaardighede, stel belang in die gesinslede se daaglikse roetine, waarmee hulle besig is, waarvan hou elkeen en bou vertroue in die gesin.
- Aanleer van *waardes* wat insluit aspekte soos respek, eerlikheid, betroubaarheid, hoe om tussen reg en verkeerd te besluit.
- *Kommunikasie vaardighede*, wat is belangrike boustene en hindernisse vir positiewe kommunikasie.
- *Konflik bestuur*, leer die adolessent die korrekte manier hoe om verskille op te los.
- *Gesinsvergaderings*, hou gesinsvergaderings. Op 'n spesifieke tyd elke week of maand. Gebruik die geleentheid om saam te beplan aan aktiwiteite van die gesin soos vakansies en take wat aan elke gesinslid opgedra word. Dit is belangrik dat die adolessent deel voel van die besluite wat in die gesin geneem word.
- Die ouer moet *erkenning* gee aan die adolessent se positiewe en goeie gedrag, aangesien mense beter leer uit positiewe aksies as negatiewe aksies. Indien die adolessent iets reggekry het beloon hom deur 'n

spesiale voorreg of ekstra tyd alleen saam met die ouer. Spesiale voorreg kan insluit lugtyd vir sy selfoon omdat die tiener se selfoon vir hom 'n baie belangrike kommunikasie middel is.

## 9. SLOT OPMERKING

In hierdie artikel blyk dit dat die ouer en sy adolessente kind sekere verhoudings probleme beleef. 'n Aantal doelstellings is ondersoek en riglyne is ontwikkel wat 'n bydrae kan lewer om ouers te bemagtig om 'n beter verhouding met hulle adolessente kinders te hê.

Dit sal dus voortdurend 'n uitdaging vir maatskaplike werkers wees om as tussenganger tussen ouers en adolessente kinders te dien op so 'n wyse dat die verhouding tussen die ouer en adolessent versterk word.

## 10. BIBLIOGRAFIE

ALLISON, N. & SCHULTZ, J.B., 2004. Parent-Adolescent conflict in early adolescence. *Adolescence*, 39(153):101-119, Spring.

American teens say they want quality time with their parents. 2006. [Web:] http://www.byca.org/partners/matte release draft 08./08.06.doc [Datum van gebruik: 24 Aug. 2006].

ANONIEM. 2006. Tieners sê hulle sê oor dissipline tuis. *Noordwes Gazette*, 31 Augustus, p4.

BABBIE, E. 2001. The practice of social research. London : Wadsworth.

BADENHORST, D. 2006. Ouers: praat openlik met jul kinders oor pornografie. *Polokwane Observer*, 31 Augustus, p2.

CAMPBELL, R., 2005. Jy kan jou tiener liefhê. Kaapstad : CUM-Christelike Uitgewers. 157 p.

CILLIERS, S.P. 1973. Maatskaplike navorsing. Stellenbosch : Kosmo-uitgewery.

DE KLERK, R. & LE ROUX, R., 2003. Emosionele intelligensie. 'n Praktiese gids vir ouers en onderwysers. Kaapstad : Human en Rousseau.

DELPORT, C.S.L., 1998. Quantitative data collection methods. (*In* DE VOS, A.S.,

STRYDOM, H., FOUCHè, C.B., DELPORT, C.S.L., eds. 1998. Research at grass roots. For the social sciences and human service professions. Pretoria : Van Schaik Publishers. p. 165-196.)

DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHè, C.B., DELPORT, C.S.L. 1998. Research at grass roots. A primer for caring professions. Pretoria : Van Schaik Publishers.

DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHè, C.B., DELPORT, C.S.L. 2005. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. Pretoria : Van Schaik Publishers.

DREMAN, S. 1997. The family on the threshold of the 21th century. Trends and implications. London : Lawrence Erlbaum Associates.

FOCUS ADOLESCENT SERVICES: 2006. Parenting teens. http://www.focusas.com/Parenting.html [Datum van gebruik: 26 Aug. 2006].

GREEFF, M. 2005. Information collection: interviewing. (*In* DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHè, C.B., DELPORT, C.S.L., eds. Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. Pretoria : Van Schaik Publishers. p. 165-196.)

HEALTHY PARENTING TODAY: 2002a. Practical parenting advises for today's challenges. [Web.] http://www.ehealthyparenting.com/understandingteens.html [Datum van gebruik: 24 Aug. 2006].

HEALTHY PARENTING TODAY: 2002b. Create a closer relationship by understanding your teen. [Web:] http://www.ehealthyparenting.com/understanding teens.html [Datum van gebruik: 24 Aug. 2006].

KINRY, M.J., TIEDJE, L.B., & FRIEDMAN, L. 1990. Focus groups: a research technique for nursing. *Nursing Research.*, 39(2).

KRUGER, SP. 1997. Assessering as basis vir gesinsinstandhoudingsdienste. *Maatskaplike Werk*, 33(4).

MILEY, K.K., O'MELIA, M. & DU BOIS, B., 2003. Generalist social work practice. Boston : Pearson A and B. 77-121.

MIRIAM, G., RESENDEZ, M.A., RYAN, M., DUMISO, G.M., & MATSHAZI, M.P.H. 2000. A longitudinal analysis of family empowerment and client outcomes. *Journal of Child and family studies*, 9(4): 13 p.

NEUMAN, W.L. 2000. Qualitative and quantitative approaches. *Social research methods:* 444 – 461.

PARENTING AND FAMILY: 2006. She knows parenting and family. [Web:] http://www.SheKnows.com/ [23 Sept. 2005].

PUB MED: 2006. Conflict and conflict resolution: parent and young teen perceptions. [Web:] http://www.pubmed.gov [26 Sept. 2006].

SALEEBEY, D. 2001. Human behaviour and social environments. New York: Columbia University Press.

SALKIND, N.J. 2000. Exploring research. New Jersey : Prentice Hall.

STRYDOM, H. & VAN HEERDEN, L. 2004. Die kennis en behoeftes van die swart vroeë-adolessent ten opsigte van lewensvaardighede. *The social work practitioner-researcher*, 16(3): 341-363, Nov.

STRYDOM, H. & DE VOS, A.S. 1998. (*In* DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHé, C.B., DELPORT, C.S.L., eds. Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. Pretoria : Van Schaik Publishers. p. 189-201.)

SUID AFRIKA. Departement Welsyn. 1997. Die Witskrif vir Welsyn. Pretoria: Staatsdrukker. 108p. (WPB-1997.)

TEEN FRONTIER INTERNATIONAL: 2004. Top 10 qualities of successful parent-teen relationships. [Web:] http://www.teenfrontier.com/tree-resources.htm [ 23 Sept. 2005].

TEEN HEALTH EMOTIONS AND LIFE: 2004. parenting,adolescence and relationships. [Web:] http://www.pamf.org/teen/life/#index [23 Sept 2005].

TEEN TALK: 2006. Have you talked with your teen today? [Web:] http://www.extension.umn.edu/distribution/familydevelopment/DE7938..htm [26 Sept. 2006].

TOWNSEND, J. 2006. Boundaries with teens. United States of America: Yates & Yates. LLP, Attorneys and Councillors, Orange. CA. 284 p. [ 24 Aug. 2006].

TUTTY, L.M., ROTHERY, M.A. & GRINNELL, R.M. 1996. Qualitative research for social workers: phases, steps, & tasks. Boston: Allyn & Bacon.

VAN NIEKERK, L. & VAN DER SPUY, D. 1994. Adolessent gereed vir die lewe. Parow: CPT Boekdrukkers (Edms). 389 p.

WINTER, M. 2004. Parent-child communication: A tool for your health. *Family life development center*, 20-22, Oct.

YOUNG ADULT HEALTH. 2005. Relationships with parents. [Web:] http://www.child and youth health.htm [18 Oct 2005].

## 11. BYLAES

### BYLAAG 1

**Die ontwikkeling van riglyne vir die bemagtiging van ouers vir 'n beter verhouding met hulle adolessente kinders.**

| **Ouers** |
|---|
| ***Verhoudings***<br>1. Hoe sal jy die verhouding tussen jou en jou adolessent aan iemand verduidelik?<br>• Kom jy goed oor die weg met jou kind? |
| 2. Wat dink jy is nodig om 'n goeie verhouding met jou adolessent te hê? |
| 3. Maak jy tyd om alleentyd saam met jou kind deur te bring? |
| 4. Indien jou kind 'n krisis beleef, dink jy hy/sy sal dit met jou kom bespreek. Indien hy /sy met iemand anders gaan gesels wie sal dit wees en hoekom dink jy kies hulle die ander persoon? |
| 5. Hoe sal jy vir kind wys jy is lief vir hom/haar? |

| ***Konflik***<br>1. Watter aspekte veroorsaak die meeste konflik tussen julle? |
|---|
| 2. Hoe los julle die geskille op? |
| 3. Dink jy die manier wat geskille opgelos word is effektief? |
| 4. Wat kan julle doen om konflik beter te hanteer? |

| ***Kommunikasie***<br>1. Wat dink jy is belangrike aspekte om in ag te neem vir goeie kommunikasie? |
|---|
| 2. Indien jou kind nie met jou sal praat nie, na wie sal hy/sy gaan? |
| 3. Hoe hanteer jy dit om met jou adolessent te praat oor sensitiewe sake soos voorhuwelikse seks? |
| 4. Luister jy as jou kind praat of is jou gedagtes besig met 'n ander saak? |
| 5. Indien jy nie jou kind se vriende goedkeur nie, hoe dra jy die boodskap oor? |
| 6. Wat kan julle doen om kommunikasie tussen julle te verbeter? |

**BYLAAG 2**

**Die ontwikkeling van riglyne vir die bemagtiging van ouers vir 'n beter verhouding met hulle adolessente kinders.**

| **Adolessente** |
|---|
| ***Verhoudings***<br>1. Vertel my van jou verhouding met jou ouers?<br>• Kom jy goed oor die weg met jou ouers? |
| 2. Noem 5 aspekte waaroor julle die meeste verskil. |
| 3. Maak jou ouers tyd om alleentyd saam met jou deur te bring en wat doen julle dan? |
| 4. Jy beleef 'n krisis, sal jy vir jou ouers vertel en na watter ouer sal jy verkies om te gaan? |
| 5. Hou sal jy vir jou ouers vertel of wys dat jy lief is vir hulle? |

| ***Konflik*** |
|---|
| 1. Oor watter aspekte ontstaan die meeste konflik tussen julle? |
| 2. Hoe los julle die geskille op? |
| 3. Dink jy die manier wat geskille opgelos word is effektief? |
| 4. Wat kan julle doen om konflik meer effektief te hanteer? |
| |

| ***Kommunikasie*** |
|---|
| 1. Wat dink jy is belangrike aspekte om in ag te neem vir goeie kommunikasie? |
| 2. Indien jy nie met jou ouers kan praat nie met wie sal jy gesels? |
| 3. Hoe hanteer jou ouers dit as hulle met jou moet gesels oor sensitiewe sake soos voorhuwelikse seks? |
| 4. Luister jy as jy as jou ouers met jou praat of dwaal jou gedagtes? |
| 5. Indien jou ouers nie van jou vriende hou nie hoe sal hulle dit vir jou wys? |
| 6. Wat kan julle doen om kommunikasie te verbeter? |
| 7. Op welke wyse kommunikeer jou ouers met jou as jy iets doen wat nie hulle goedkeuring wegdra nie? |

**BYLAAG 3**

**Toestemming tot navorsing.**

Hierdie navorsing word onderneem deur Petro Fourie, 'n MA student in Maatskaplike Werk (studentenommer 20205511) by die Noordwes-Universiteit, Potchefstroom kampus.

**<u>Inligting van deelnemers:</u>**

**Afdeling 1 : Identifiserende Besonderhede Ouers**

1. Van : ______________________________
2. Voornaam:
3. Man : ______________________________
   Vrou : ______________________________
4. Adres : ______________________________
   ______________________________
5. Telefoonnommer: Huis ______________________________
   Selfoon ______________________________

**Afdeling 2 : Identifiserende Besonderhede : Adolessent**

1. Van : ______________________________
2. Voornaam : ______________________________
1. Van : ______________________________
2. Voornaam : ______________________________
3. Selfoon : ______________________________
4. Ouderdom : ______________________________
5. Skool : ______________________________
6. Graad : ______________________________

***Hiermee verklaar ek ;***

- Dat ek vrywillig deelneem aan die fokusgroep.
- Ek onderneem om inligting van ander deelnemers vertoulik te hanteer.
- Dat ek instem dat die gesprek tydens die fokusgroep op band opgeneem word.
- Dat ek my samewerking so ver as moontlik sal lewer en al die vrae so eerlik as moontlik sal beantwoord.

Geteken : ____________________ ____________________

____________________

Datum : ____/05/2006

**BYLAAG 4**

**ASSESSERINGSVRAELYS OM GESINNE SE STERKTES VAS TE STEL.**

- **Die doel van hierdie vraelys is om die gesin gedrag vas te stel en om areas te identifiseer waarin hulle sterktes lê.**

***Vraag 1: Dink aan 'n tydperk wat die verhouding tussen jou en jou adolessente kind positief was. Identifiseer die faktore wat hierdie verhouding positief beïnvloed het.***

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

***Vraag 2: Dink aan 'n tyd wat die verhouding tussen jou en jou adolessente kind gespanne was. Wat het die spanning veroorsaak?***

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

***Vraag 3: Hoe het julle hierdie spanningsvolle tydperk oorleef?***

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

***Vraag 4: Van watter hulpbronne/ondersteuningstelsels het julle gedurende hierdie tydperk gebruik gemaak?***

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

***Vraag 5: Watter vaardighede het julle deur hierdie tyd gehelp?***

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

***Vraag 6: Wat het aan die einde die deurbraak gegee dat julle deur die tydperk gekom het?***

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

***Vraag 7: Wat is jou droom oor jou verhouding met jou adolessente kind?***

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

**BYLAAG 5**

## DIE LEWENSIKLUS VAN DIE GESIN

**Jong adolessente fase**

↓

**Samesmelting van gesinne deur 'n huwelik**
**Die nuwe huwelikspaar**

↓

**Ouerskap**
**Gesinne met jong kinders**

↓

**Gesinne met adolessente kinders**

↓

**Die afsettingsfase**
**Gesinne in middeljare**

↓

**Gesinne in later lewe**

- Die Lewensfase van die gesin dui op die oorgangsfase wat die gesin deurmaak.
- Gesinne maak aanpassings in elke fase en soos hulle oorbeweeg na die volgende fase maak hulle sekere aanpassings.
- Die ondersteuning wat hulle ontvang, die vaardighede wat hulle ontwikkel en die ondersteuning wat hulle aan die gesinslede bied en die aanpassings wat hulle maak wissel met die oorgang na elke volgende fase.